

Bib.

153/86

247/86

/mb

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

KENNETH JAGERS EN ATTIE DE KOKER APPELLANTE

en

DIE STAAT RESPONDENT

CORAM : VILJOEN, GROSSKOPF, ARR et GALGUT, WAR

VERHOORDATUM : 18 NOVEMBER 1986

LEWERINGSDATUM : 28 NOVEMBER 1986

U I T S P R A A K

VILJOEN, AR

Die/.....

Die twee appellante het saam met drie ander op 'n aanklag van moord tereggestaan voor 'n regter en assessore in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling. Die appellante was beskuldigdes 3 en 5 (na wie ek hierna sal verwys as sulks) in die verhoorhof. Die ander beskuldigdes wat saam met hulle tereggestaan het was Dan Vincent Fortune (beskuldigde 1), Isaac Stanley Paulsen (beskuldigde 2) en Hilton Howe (beskuldigde 4). Al vyf van hulle is skuldig bevind. In geeneen van die gevalle is versagtende omstandighede bevind nie en al vyf is gevolglik ter dood veroordeel. Met verlof deur die verhoorregter verleen kom die appellante nou in hoër beroep teen die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede/.....

dighede bestaan nie en die gevolglike doodvonnis.

Die verhoorhof het bevind dat in die nag van 10/11 Augustus 1984 die vyf beskuldigdes wat gevangenes in sel B12 in die Diepkloofgevangenis, Johannesburg, was vir Billy Jacobs, 'n selgenoot van hulle, vermoor het deur hom te verwurg. Al die gevangenes in die genoemde sel was veroordeeldes, maar aangesien hulle verhoorafwagting was op verdere aanklagte, is hulle volgens regulasies nie toegelaat om uit te gaan en te gaan werk nie. Hulle moes hulle slegs besig hou met skoonmaaktakies in die sel self. Wie wat moes doen in hierdie verband moes hulle self organiseer. Die sel was bestem om 36 gevangenes te huisves wat twee-twee op stapelbedde moes slaap maar

op die/.....

op die betrokke datum was daar nie minder as 43 ge-
vangenes in die sel nie. Aan die een punt van die
sel was 'n bad- en 'n toilet-afskorting. Uitgang uit
die sel is verleen deur 'n deur in die toilet-afskorting.
Aan die buitekant van die sel is 'n spasie wat bekend
staan as die stoep. Die beddens was 'n klein afstand
van mekaar. As hulle links-om genommer word vanaf
die deur van die toilet-area dan is bedde 9 en 10 teen-
oor mekaar in die verste hoeke van die sel vanaf die
toilet-area.

Op die oggend van 11 Augustus 1984 is die
liggaam van die oorledene deur gevangenis-beamptes
in die toilet-afskorting onder 'n kombers gevind en is
die polisie ontbied. Die oorsaak van die dood was

verwurging/.....

verwurgings. In Onderzoek is op tou gesit as gevolg
waarvan die vyf beskuldigdes aangekla is en voor
die hof verskyn het.

Met die oog op die betoë namens die
appellante wat, kort gestel, gegrond is op hulle
jeugdige ouderdom saamgeneem met die intriges van
die bendelewe en die beïnvloeding en vreesaanjaging
van die kant van beskuldigdes 1 en 2 - toestande
waarin hulle beweerdelik deur omstandighede vasge-
vang is en waarvan hulle die slagoffers geword het
- is dit nodig dat ek kortliks na die getuienis op
die meriete verwys.

Twee van die appellante se selmaats op
hierdie betrokke datum, Moses de Beer en Faried Khan,

het/.....

het vir die Staat getuig. Volgens hulle getuienis

blyk dit dat die oorledene en beskuldigde 1 tegelyker-

tyd op 9 Augustus tot daardie sel toegelaat is.

Beskuldigde 1 en die oorledene het op 9 Augustus skyn-

baar op 'n goeie voet met mekaar verkeer maar op 10

Augustus het sake verander. Die oorledene het by die

twee getuies geslaap waar bedde 3 en 4 teenmekaar ge-

stoot was. Beskuldigde 1 het die eerste nag, die

nag van 9 Augustus op die grond geslaap op 'n matras

langshulle bedde. Die volgende dag, 10 Augustus, het

hy 'n slaapplek gekry by bedde 7 en 8.

Op die middag van 10 Augustus, nadat die

sel gesluit is, het beskuldigdes 4 en 5 na die bedde

gekom waar die oorledene, Moses de Beer en Faried Khan

sou/.....

sou slaap daardie aand. Beskuldigde 4 dring toe daarop aan dat hulle (4 en 5) met die oorledene wou praat met die doel om h ou geskil uit die weg te ruim en vriende te maak. Dit blyk dat die ou geskil h gebeurtenis was wat in die ou Fort-gevangenis afgespeel het. Van 4 en 5 se vriende is daar in die gevangenis vermoor. Die oorledene was h verdagte in die moord en is inderdaad ook aangekla maar is onskuldig bevind en ontslaan. Oorledene se antwoord op die aandrang was om aan te bied om op die volgende dag met hulle te gesels om die geskil uit die weg te ruim of vir h verplasing na h ander sel te vra. Beskuldigdes 4 en 5 is toe na bed 10, die bed waar beskuldigde 2 geslaap het. Om bedde 10 en 11 was daar h kombers gespan. Dit is nie duidelik of die doel

was/.....

was om privaatheid te verseker of om die lig uit te hou nie. Daarna het beskuldigde 1 na die oorledene gekom en hom meegedeel dat "daardie mense" (blykbaar 4 en 5) daarop aandring dat daar op daardie dag klaar gepraat word en dat hulle nie bereid was om tot die volgende dag te wag nie. Oorledene het toe opgestaan en na beskuldigde 2 se bed gegaan. Terwyl die gesprek daar aan die gang was het die oorledene vir Moses de Beer geskree om vir hulle Sweet Aid koeldrank-poeier aan te maak en die koeldrank na hulle te bring. Toe de Beer daar kom vind hy dat beskuldigdes 1 en 2 op bed 10 sit en beskuldigdes 3, 4 en 5 op bed 11. Oorledene het tussen die twee bedde gestaan. Moses is terug na hulle bed toe. Na 'n ruk het die oorledene

ook/.....

ook daarheen teruggekom. Die klok het daarna gelui.

Sommige het gaan slaap. Ander was nog wakker.

Beskuldigdes 1 en 3 het op 'n stadium verby

hulle bedde geloop na die toilet-area. Die lig in

die sel wat veronderstel was om heel nag te brand

het toe uitgegaan. Moses het die afleiding gedoen

dat die lig, waarvan die skakelaar bereik kon word

deur 'n arm deur die venster te steek, deur of beskul-

digde 1 of beskuldigde 3 afgeskakel is. Beskuldigde

1 het eerste weer langs hulle bed verby geloop, ge-

volg kort daarna deur beskuldigde 3, in die rigting

van beskuldigde 2 se bed. Beskuldigde 1 het weer

na hulle bed gekom en die oorledene meegedeel dat

"daardie mense" wou klaar praat en nie wou wag tot

die/.....

die volgende dag nie. Moses het die geleentheid te baat geneem om vir beskuldigde 1 te vra waarom hulle die lig afgeskakel het en het hom daarop gewys dat hulle gestraf kon word "vir 3 maaltye" met ander woorde dat hulle drie maaltye nie sou ontvang nie. Beskuldigde 1 se antwoord aan Moses was dat hy te veel weet. Die oorledene het geweier om nog 'n slag met die beskuldigdes in gesprek te tree daardie aand. Beskuldigde 1 is terug na beskuldigde 2 se bed. Oorledene het op hulle bed bly sit. Beskuldigde 1 het kort daarna weer na hulle teruggekeer en vir Moses beveel om hom te volg na die ander beskuldigdes. Hulle wou met hom praat. Moses het gehoorsaam en, daar aangekom, vind hy vir 1 en 2 met lemme in hulle hande. Hulle deel

hom/.....

hom mee dat hulle vir die oorledene gaan doodmaak

en as Moses skree sal hulle vir hom ook dood. Moses

word toe gelas om by 2 se bed in te klim en te slaap.

Hy het, soos gelas, in die bed ingeklim.

Beskuldigdes 2 tot 5 het daarna in die

rigting van die oorledene geloop. Beskuldigde 1 het

hulle kort daarna gevolg. By die oorledene aangekom

het beskuldigde 2 vir die oorledene gevra: "Wil jy

kom of moet ons jou met krag wegvat?" Oorledene spring

op om van hulle weg te kom maar 2 pak hom om die lyf

van agter en hou hom vas. Beskuldigde 4 haal 'n krep-

verband uit sy sak tevoorskyn en probeer dit om die

oorledene se nek kry. Die oorledene sien dit en skop

vir beskuldigde 4 weg. Op hierdie stadium kom be-

skuldigde/.....

skuldigde 1 by en trek die oorledene se voete onder hom uit sodat hy op sy maag te lande kom. Beskuldigde 1 hou sy voete vas terwyl 2 bo-op hom sit. Beskuldigde 4 slaag daarin om die verband om die oorledene se nek te kry en beskuldigdes 3 en 5 trek die verband styf deur aan die punte te trek terwyl hulle met hulle voete teen die oorledene se nek vastrap. Beskuldigde 4 het aan die kant van beskuldigde 5 gehelp.

Oorledene het een maal geskree maar daarna was dit stil. Na ongeveer tien minute het beskuldigde 1 gesê: "Die vark is nou klaar dood." Beskuldigde 4 het die verband afgehaal en al vyf het die oorledene in die toilet-area gedra en 'n kombers oor hom gegooi. Daarna het die ligte aangegaan. Beskuldigde 1 het

die/.....

die oorledene se sak waarin sigarette, tabak, seep, tandepaste en -borsel en ander persoonlike goedere was geneem en hierdie goedere is by bed 11 onder al vyf verdeel. Die beskuldigdes het daarna gaan slaap.

Die volgende oggend, nadat die gevangenes van die sel op die stoep opgestel is om getel te word, het die gevangenisowerhede bewus geword van wat daar gebeur het en het beskuldigde 1 en ene David Phillips vir beskuldigdes 2 - 5 uitgewys as persone wat aandadig sou gewees het aan die moord. Hierdie maneuver, het die hof a quo bevind, was 'n voorafbeplande set wat gesmee is sodat beskuldigde 1 se getuienis dan deur die Staat aangebied sou word en hy sulke swak getuienis sou gee dat 'n hof nie daarop kon staatmaak nie

en/.....

en genoodsaak sou wees om beskuldigdes 2 - 5 onskuldig te bevind en te ontslaan.

Beskuldigde 1 en Phillips het dan ook in getuienis, nie wat hulle vir die Staat gelewer het nie, maar vir die verdediging, probeer om die hof a quo te verwar deur in getuienis aan te voer dat die betrokke gevangenis-beampte, sers Sedumedi, wat op die toneel gekom het die volgende oggend, bewus was daarvan dat die oorledene aan die "Fast Gun"-bende behoort en dat die lede van hierdie bende die vyande was van die "Spalding" en die "Viking"-bendes en dat hy dadelik besluit het dat die skuldiges lede van laasgenoemde bendes moes wees. Al waarin, volgens hulle, Sedumedi belang gestel het, was om te weet

wie/.....

wie "Spaldings" en "Vikings" was, met die gevolg dat
beskuldigdes 2 - 5 uitgewys is deur beskuldigde 1
en Phillips. Die plan wat so vooraf gesmee is, het
toe, ongelukkig vir al die beskuldigdes, nie geslaag
nie. Die Staat het, vanweë die bereidheid van Moses
de Beer en Faried Khan om , ondanks dreigemente, ge-
tuienis vir die Staat te lewer, dit nie nodig gevind
om op die getuienis van beskuldigde 1 staat te maak
nie. Hoewel sowel beskuldigde 1 en Phillips as al
die ander beskuldigdes hierdie verdigsel as deel van
hulle verdediging aangebied het met daarby die weer-
gawe dat hulle niks van die hele moord weet nie, omdat
hulle rustig en vas geslaap het, het hulle die hof
a quo nie beïndruk nie.

Almal/.....

Almal van hulle het getuienis ter versagting gelewer. Behalwe beskuldigde 1 het almal nou aandadigheid in 'n mindere of meerdere mate erken. Beskuldigde 1 het nog steeds volgehou dat hy nie deelgeneem het nie. Volgens hom was beskuldigde 2 die leier en aanstigter. Hy was wel wakker, sê hy, en het die oorledene gehoor skree en het ook gedeel in die buit wat uit die oorledene se sakkie gekom het, maar hy was glad nie op die toneel waar die oorledene gedood is nie. Ook volgens die ander beskuldigdes se getuienis het beskuldigde 1 geen aandeel in die moord gehad nie. Ook ander persone het namens hulle getuig waaronder 'n dame, ene mev Balsoukis, wat namens die Katolieke kerk vrywillige sosiale werk in die dorpsgebiede/.....

gebiede doen en wat heelwat ervaring het van bende-
bedrywighede in die gebiede. In die loop van haar
werk het sy bewus geword van die oorledene se repu-
tasie. Volgens haar was dit algemeen bekend dat
die oorledene besonder bedrywig was in bende-stroop-
togte, in die Mandrax-smokkelbedryf en het hy die
gemeenskap en van sy mede- en ander bendeledede ge-
terroriseer sodat almal hom gevrees het. Een van sy
groot konkurrente was ene Pinky Cooper vir wie hy
by geleentheid in die maag gesteek het en wie se seun
hy geskiet het. Daar was 'n vae suggestie dat die
beskuldigdes hulle opdrag van buite die gevangenis
gekry het om die oorledene om die lewe te bring - 'n
opdrag waarin Pinky Cooper 'n rol sou gespeel het.

'n Ander/.....

n Ander omstandigheid waarop gesteun is in die hof a quo, is dat die twee appellante, wat jonk en vatbaar vir beïnvloeding was, òf deur beskuldigde 1 òf beskuldigde 2 beïnvloed en moontlik bedreig is. Op die eienaardige verswyging van beskuldigde 1 se aandeel in die gebeure is gewys en daar is aangevoer dat die hof a quo n afleiding moes maak dat hy die ander beskuldigdes geïntimideer het.

Die terughoudendheid van die ander beskuldigdes om vir beskuldigde 1 te betrek, het die verhoorregter beskryf as die algemene deler in die getuienis van beskuldigdes 2 - 5 wat, ondanks hulle plegtige verklaring dat hulle geloofbare getuienis sou gee ter versagting, nogtans n hele boel leuens

weer/.....

weer verkondig het. Wat die motief was vir hulle
beskerming van beskuldigde I kon slegs maar gegis
word, meen die hof, wat geen afleiding of bevinding
in dié verband kon maak nie. Dat daar bendes buite
die gevangenis was wat vir die beskuldigdes in daar-
die sel opdrag gegee het om die oorledene om die lewe
te bring, het die hof verwerp. Direkte getuienis in
die verband is min en hoofsaaklik wasig, sê die hof.
Dit is waar dat bendes sowel binne as buite die ge-
vangenis bedrywig is maar sel B12 was 'n geslote sel
vir alle praktiese doeleindes. Die aangehoudenes in
daardie sel werk nie en kom nie in aanraking met die
ander gevangenes nie. Hoe enige hoofstruktuur sy
gesag binne hierdie sel B12 kon laat geld, kon die

hof/.....

hof nie begryp nie. Die hof het ook ander aspekte
 uitgelig waarom hierdie argument nie kon staande bly
 nie. Billy Jacobs was 'n gevaarlike boef buite die
 gevangenis en was baie duidelik verantwoordelik vir
 die dood van vriende van die beskuldigdes in die ou
 Fort. Natuurlik sal daardie daad die gevolg hê dat
 ander boewe, en dit is wat, na die hof se oordeel die
 beskuldigdes is, wraakgevoelens sal hê en soos hulle
 dit sagkens uitgedruk het, mekaar "nie verstaan nie."
 Die oorledene het onverwags op die Donderdagmiddag in
 die sel opgedaag - dit wil sê, so begryp ek die hof
 se redenering, kon die beskuldigdes nie voor die
 tyd enigiets teen hom beplan of opdragte om hom te
 likwideer, van elders, binne of buite die gevangenis

ontvang/.....

ontvang nie. Vir beskuldigde 4 was dit 'n groot verrassing toe hy vir Billy Makiet (soos hulle die oorledene genoem het) in die sel gewaar en toe beskuldigde 5, wat nie Donderdag in die sel was nie, van die hof kom op die Vrydag het beskuldigde 4 vir beskuldigde 5 ingelig dat Billy Makiet nou saam met hulle in die sel was. Die hof wys daarop dat dit beskuldigdes 4 en 5 was wat ook eerste met hom gepraat het oor hoe hulle mekaar nou moet verstaan. Dit klink nie, meen die hof, na enige vorm van bevel van bo, van een of ander bestuur buite daardie sel of binne daardie sel, wanneer die paar basiese feite in aanmerking geneem word nie. Die uitspraak ten aansien van versagting gaan soos volg voort:

"Die suggesties wat gevolglik voor ons geplaas is betreffende sogenaamde invloede van bendes

van/.....

van bo af, is in hierdie geval onbestaanbaar, en kan nie aanvaar word nie. Maar, dat hulle bende-ingesteldheid, natuurlik 'n rol speel ly geen twyfel nie. Natuurlik is dit so dat Billy Makiet van hulle makkers, bendelede vermoor het in die Fort, dat hulle ander dinge teen hom hou en dat dit spruit uit hulle bende-bedrywig-hede. Daaroor bestaan daar nie twyfel nie, en dit is die beginpunt van enige rasionele analise van wat eintlik hier aan die gang is.

In hierdie opsig wil ek net weer verwys na die getuienis van Mej Balsoukis wat reeds hoofgetuienis gegee het en weer kom getuig het, maar veral in haar hoofgetuienis waarna sy verwys het na hierdie persone as jeugdige, wat nie werk nie, wat 'n boewebestaan voer; wat veg en moor en met dwelms tekere gaan.

In die geval van iedere een van die beskuldigdes, blyk dit uit hulle eie getuienis ook. Ons het gevolglik hier te doen met mense wat van daardie kaliber is, en wat baie bereid en gereed sal wees om wraak te neem, en dat hierdie

bendegevoelens wat bestaan iets in die agtergrond is, maar nie moet gesien word, in hierdie besondere geval, as h bevel om op te tree of om nou juis te moor nie."

Die geheel-beeld, sê die hof, is duidelik van h vorm van h kangaroohof wat gehou is nadat Billy Makiet opgemerk is in daardie sel - iets wat begin het by 4 en 5 en heelwaarskynlik baie gou gesprei het na hulle vriende 1, 2 en 3 want toe Billy Makiet gevra is om na bed 10 te kom was al vyf daar. Klaarblyklik het 1 en 2 die leiding geneem maar almal was deelnemers. Daar is die doodvonnis gevel en daarna deur almal uitgevoer.

Die hof het geen twyfel gehad dat al 5 die beskuldigdes blaamwaardig is ten volle vir die moord nie.

Die/.....

Die jeugdige ouderdom van beskuldigdes 3 en 5 is besonderlik oorweeg deur die hof en in hierdie verband is hierdie oorweging soos volg in die uitspraak behandel:

"Nr 3 en 5 is in hulle vroeë twintigs nou, en was in die omgewing van 20 toe die moord gepleeg was. Indien dit 'n geval gewees het waar 'n moord gepleeg is deur hulle twee, of met hulle deelname, en dit iets is wat op die ingewing van die oomblik gebeur het, dan sou hulle jeug 'n baie groot rol gespeel het op hierdie stadium. Die voortvarendheid van die jeug is inderdaad in die kern van die denke oor verminderde strafwaardigheid van jongmense.

Op dieselfde basis is die deliberate en sorgvuldige beplanning van moorddadige optrede deur jongmense iets wat nie versagtend is nie, bloot uit die oogpunt van jeug nie. Hier is ons geheel en al tevrede dat as gevolg van hulle bendelewe buite die tronk, wat 'n boewelewe was, 'n gewelddadige een, waar hulle hier vir

ons/.....

ons beskryf het, al drie van hulle, hoedat hulle van tyd tot tyd in die buitelewe geveg het en geskiet het, en tekere gegaan het en soaan, dat hierdie optrede binne die tronk niks vreemds is vir hulle nie, niks om voor terug te deins nie, en dat hierdie slegs in die patroon en in lyn lê met hulle lewens en denke daarvoor. Dat, in hierdie geval dit nie 'n versoeking is wat skielik gekom het, en dat die jeug, as gevolg van sy jeugdigheid moeilikheid het om te weerstaan of as gevolg van sy jeug voortvarend daarin verder gaan nie. Dit is die soort van optrede waaraan hulle gewoond is en in hierdie besondere instansie het hulle deliberaat deelgeneem en besluit, toe hulle as lede van hierdie kangeroehof nie tevrede gestel is met die oorledene se standpunt nie, dat daar 'n einde aan hom gemaak moet word."

Daar is nog een poging aangewend deur beskuldigde 3 om die hof a quo te oortuig dat hy eendat die volle waarheid sou vertel. By die aansoek-om-verlof-om-te-appelleer-stadium is daar 'n aansoek namens hom

gerig/.....

gerig dat die hof hom nog 'n geleentheid moet gee om
getuïenis af te lê. Hierdie relaas sou dan wees dat
beskuldigde 1, en nie beskuldigde 2 soos hy voorheen
gesê het nie, hom sou gedreig het om met die moord
te help anders sou hy self gedood word. Ene Dawid
Seekoei sou hom dan staaf in hierdie nuwe getuïenis.
Hierdie aansoek het die hof, wat dwarsdeur die ver-
hoor besonder lankmoedig was, heeltemal tereg geweier.
Teen hierdie weiering is daar geen hoër beroep nie.

In hierdie Hof is daar namens beskuldigde 3
nie gesteun op beïnvloeding of opdragte van buite die
gevangenis nie. Die betoog was beperk tot die faktore
van jeugdigheid saam met beïnvloeding en vrees wat
veral deur beskuldigde 1 ingeboesem sou gewees het.

Die/.....

Die verhoorhof het gefouteer en misgetas, is aan-
 gevoer, om slegs die voortvarendheid van die jeug
 in ag te neem by die oorweging van jeugdigheid as
 'n versagtende omstandigheid, aldan nie en na te
 laat om die ander eienskappe van 'n jeugdige soos
 byvoorbeeld sy onvolwassenheid, sy gevolglike gebrek
 aan oordeel, gebrek aan lewenservaring, onrypheid en
 vatbaarheid vir beïnvloeding te oorweeg. Soos ek
 die uitspraak lees, het die verhoorhof juis hierdie
 ander eienskappe wat gewoonlik in 'n jeugdige aan-
 getref word, in ag geneem deur te oorweeg hoe swaar
 dit in hulle geval weeg. Die slotsom waartoe die
 hof gekom het, is dat hierdie ander eienskappe ver-
 diskonteer is deur die soort lewe wat hulle gelei het.

Die/.....

Die hof het dit beslis nie oor die hoof gesien

nie. Dit is verder aangevoer dat die hof verkeer-

delik die bevinding dat daar geen versagtende om-

standighede bestaan nie, gemotiveer het op grond

van getuienis wat die hof klaarblyklik self verwerp het.

In hierdie verband is veral gesteun op die verwerping

van die getuienis dat hulle uitgewys is omdat Sedumedi

alleen "Spaldings" en "Vikings" uitgewys wou hê omdat

hy dan kwansuis bewus sou gewees het van die vyandig-

heid tussen die "Fast Guns", aan welke bende die oor-

ledene behoort het en die "Spaldings" en die "Vikings", waar-

aan o a beskuldigdes 3 en 5 sou behoort het. Dat

beskuldigdes 3 en 5 in hierdie verband leuens vertel

is duidelik maar dit is net so duidelik dat hulle

wel/.....

wel aan bendes behoort het en dit was gemene saak

dat die moord op gevangenes in die Fort-gevangenis,

waarby die oorledene nou betrokke was, 'n bende-smaak :

gehad het. Beskuldigdes 4 en 5 skyn die nouste ge-

moeid te gewees het maar beskuldigde 3 het nooit

aangevoer dat hy nie met die ander beskuldigdes

hierdie sienswyse gedeel het nie. Beskuldigde 3 het

'n besondere aktiewe rol in die verrigtinge geneem.

Hy was saam met die ander daar by bedde 10 en 11

waar die doodvonnis uitgespreek is. Hy is saam met

beskuldigde 1 toe die lig afgeskakel is. Hy het aan

die een kant van die verband waarmee die oorledene

verwurg is, getrek. Hy het gehelp om die liggaam na

die toilet te dra en hy het saam met die ander in

die/.....

die goed van die oorledene gedeel. Dit is waar dat hy een van dié was wat beskuldigde 1 se aandeel verswyg het maar van die feit alleen kan nie 'n afleiding gedoen word dat hy dit uit vrees vir beskuldigde 1 gedoen het nie. Soos die verhoorregter gesê het, mens kan alleen maar gis wat hulle motief was waarom hulle so opgetree het, maar aangesien beskuldigde 3 soveel leuens vertel het, is daar geen aanvaarbare getuienis waarvan so 'n afleiding gedoen kan word nie.

Die argumente wat in die belang van beskuldigde 5 aangevoer is, het hoofsaaklik ooreengestem met dié wat ten behoewe van beskuldigde 3 voorgedra is. Sy aandeel in die gebeure was nog groter

as dié van beskuldigde 3. Dit is, so is af te lei,

hy wat saam met beskuldigde 4 die inisiatief geneem

het om die hele optrede teen die oorledene aan die

gang te sit. Dit is aan hom wat die mededeling deur

beskuldigde 4 gemaak is dat Billy Makiet in die sel is.

Dit is hy wat saam met beskuldigde 4 eerste vir die

oorledene genader het met die versoek dat die ou

moeilikhed wat voortgespruit het uit gebeure in die

Fort-gevangenis uit die wêreld gemaak moet word.

Soos blyk uit die getuienis van Faried Khan het

hy 'n belangrike aandeel gehad in die verwurgings van

die oorledene. Hy het gehelp om die liggaam na die

toilet te dra en het saam met die ander gedeeltes in die

buit.

Ek het al die argumente wat namens die
appellante aangevoer is, sorgvuldig oorweeg. Die
appellante se advokate het my egter nie oortuig dat
die verhoorhof enige aspek oor die hoof gesien het,
of enige aangeleentheid te hoog aangeslaan het nie.

Gevolgtik word die appèlle van beide
appellante van die hand gewys.


APPELREGTER

GROSSKOPF, AR) - stem saam
GALGUT, WAR)